Bib 98/88



Saaknr 17/88
/mb

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

## (APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

GERHARDUS FREDERICK DAWID PRETORIUS ................ APPELLANT

en

DIE STAAT ........................................ RESPONDENT

CORAM : RABIE WHR, BOTHA *et* KUMLEBEN ARR

VERHOORDATUM : 26 AUGUSTUS 1988

LEWERINGSDATUM : 20 SEPTEMBER 1988

---

## U I T S P R A A K

KUMLEBEN, AR

Die appellant het in die Noordelike Rondgang Plaaslike Afdeling van die Hooggeregshof op vyf aanklagte tereggestaan,

naamlik, (1) moord; (2) poging tot moord; (3) diefstal; (4) onwettige besit van 'n vuurwapen; en (5) onwettige besit van ammunisie. Hy is op die derde aanklag onskuldig bevind. Origens, ondanks sy pleit van onskuldig, het die Hof (Curlewis R en twee assessore) hom skuldig bevind soos aangekla. Op die moordaanklag het Mnr Moyses, wat namens appellant by die verhoor (en ook voor ons) opgetree het, aangevoer dat versagtende omstandighede bewys is. Mnr Broodryk, namens die Staat, het daarmee akkoord gegaan. Die meerderheid van die Hof (die geleerde Regter en een assessor) het egter bevind dat geen versagtende omstandighede aanwesig was nie. Die appellant is bygevolg ter dood veroordeel. Vir die ander drie misdrywe is appellant tot gevangenisstraf gevonnis. 'n Aansoek om verlof om te appelleer teen die skuldigbevindings en vonnisse op al vier aanklagte is van die hand gewys. Sodanige verlof is egter deur hierdie Hof toegestaan.

Al die aanklagte spruit uit wat gedurende die nag

van 11/12 Junie 1985 in 'n sakesentrum te Pietersburg plaasgevind het. Die betrokke aand was Samson Makana en John Kgatla, synde nagwagte, op diens gewees. Eersgenoemde het 'n restaurant in Kerkstraat bewaak. Hy en Kgatla het in of naby 'n deurgang tussen Kerkstraat en Krugerstraat om 'n vuur gesit. Ongeveer middernag het iemand op hulle geskiet. Die koeël is rakelings by Kgatla verby en het teen die muur agter hom vasgeslaan. Hy het opgemerk dat die skoot vanaf 'n afstand van omtrent 20 treë deur 'n Blanke manspersoon geskiet is. Makana het opgespring en om 'n hoek weggehardloop. Kort daarna het 'n tweede skoot geklap en Makana het om hulp geskree. Hierdie skoot het hom noodlottig verwond. 'n Ander sekuriteitswag, die staatsgetuie Joseph Ramatshela, het op die hulpkreet reageer en in die rigting daarvan gehardloop. Op pad soontoe het hy 'n persoon met 'n geweer op die hoek van twee strate sien staan. Makana het van hierdie persoon weggehardloop terwyl laasgenoemde die geweer op hom gerig het. Die getuie kon sien dat Makana reeds deur 'n skoot verwond was. Toe die aanvaller

die twee nagwagte gewaar het, het hy omgedraai en weggehol. Hulle het hom agternagesit en hul polisiefluitjies geblaas. Dit het die aandag getrek van twee polisiebeamptes, sers Botha en konst Maritz, wat te voet in die omgewing op diens was. Hulle het op Makana afgekom waar hy op sy rug op 'n sypaadjie gelê het. Op dié stadium het hy nog geleef maar kort daarna het hy, as gevolg van die koeëlwond, beswyk. Een van die nagwagte het 'n beskrywing van die verdagte aan die polisiemanne gegee. Hulle het 'n motor gaan haal en in die omgewing daarmee gepatrolleer. In Rissikstraat, omtrent 250 treë vanaf die plek waar die oorledene geskiet is, het hulle die appellant teëgekom. Toe hy hulle bespeur, het hy omgedraai en vinnig weggehardloop. Hulle het hom egter ingehaal, gearresteer en na die polisiestasie geneem. Later die aand is hy deur konst Maritz en nog 'n polisiebeampte na die plek geneem waar hy vroeër die aand in hegtenis geneem was. Daar het hy 'n .22 geweer aan hulle uitgewys waar dit versteek was. (Dit was met 'n teleskopiese visier en 'n klankdemper toegerus maar sy

5/...

magasyn het ontbreek. Dit is gemene saak dat die twee skote deur hierdie vuurwapen afgevuur is. Weens die afwesigheid van die magasyn,kon die geweer slegs gelaai word deur die patrone een vir een in die ontbrandingskamer daarvan te plaas.) Daarna het die polisie appellant na ʼn huis geneem waar appellant, sy suster, sy moeder en nog ʼn dame by ene Van Sittert ingewoon het. Die huis is geleë in Bokstraat omtrent 300 treë vanaf die plek waar appellant gearresteer is.

Bogemelde feite, wat kortliks die gebeure aangaande die skietery skets, is nie deur die appellant betwis of weerspreek nie. Hulle kan as bewese aanvaar word.

Die sleutelvraag op die meriete, met betrekking tot al vier aanklagte, is of die Staat bewys het dat appellant die skote afgevuur het. Hy het dit betwis. Op 25 Junie 1985 het hy ʼn verklaring voor ʼn vredesbeampte afgelê. Dié is by die verhoor erken en ingehandig. Daarin

het hy sy deelname aan die gebeure soos volg verduidelik (dit word onverbeterd aangehaal):

> "Op Dinsdag 85/6/11 om 10h45 het ek in die teenwoordigheid van S S Grobler aan my prokureur 'n verduideliking gegee van wat gebeur het.
>
> Ek wil nou dit herhaal, maar daarna die ware verhaal vertel.
>
> Op die nag van die voorval het ek, Lammie van Sittert, my suster Jackie Pretorius en my ma in die sitkamer drank gedrink.
>
> Nadat my ma en Jackie om voor 24h00 die nag gaan slaap het, het ek en Lammie ook gaan slaap. Dit was ongeveer 24h00 - 00h30 gewees.
>
> Ek het wakker geword van iemand wat by die kamer venster gepeuter het. Ek het die geweer geneem en na buite gegaan waar ek 'n Witman sien weghardloop het. Ek het 'n paar waarskuwings skote in die lug geskiet en die man agtervolg.
>
> In Pres. Krugerstraat in 'n donker gang het ek 'n beweging gesien en daarna geskiet. Ek het toe gesien dat ek 'n nagwag, die oorledene in die saak geskiet het. Ek het eers weggehardloop, die geweer in die gras versteek in Bokstraat langs die pad.
>
> Die Spoorwegpolisie het my gesien waarop ek weg probeer hardloop het, maar hulle het my gevang.
>
> Hulle het .22 patrone en doppies in die baadjiesak gevind wat ek aangehad het. Ek het later die geweer aan A.O. De Beer van die S.A. Polisie uitgewys waarop hy beslag gelê het.
>
> Ek het die aangeleentheid heroorweeg terwyl ek in aanhouding was. Ek het nou besluit om die hele waarheid te vertel aangesien ek nie die daad

gepleeg het nie.

Ek het die aand saam met Lammie, Jackie en my ma drank gedrink in die sitkamer. Die drank wat ons gehad het was 'n bottel Klipdrift Brandewyn wat ek en Lammie by die bottelstoor gekoop het.

Nadat die bottel klaar was, het ons na Seshego gery en by 'n smokkelhuis nog drank gaan koop. Ons het 'n bottel brandewyn en 4 (vier) "Longtom" Black Label gekoop. Die bier het ons op pad na die huis uitgedrink. Die motor waarmee ons gery het, het langs die pad gebreek. Die vrou, Jackie, my ma en die kinders het 'n geleentheid na die huis gekry. Ek en Lammie het geloop.

By die huis het ons die ander drank gedrink. Ons het nie die hele bottel uitgedrink nie. Terwyl ons in die sitkamer gesit het, het Lammie my gewys hoe sy .22 geweer werk. Daar het 4 skote afgegaan waarvan Lammie drie (3) en ek een (1) deur die dak geskiet het.

Ons het almal later gaan slaap.

Ek het wakker geword toe ek hoor dat Lammie opstaan. Ek het gemerk dat Lammie die geweer saamgeneem het. Ek het aangetrek en na buite gestap aangesien ek vermoed het dat Lammie iemand buite gehoor het.

Ek het gesien dat hy die pad afstap met die geweer. Ek het gemerk dat hy met Rissikstraat regs opdraai in 'n oostelike rigting. Hy het in Kruger links gedraai, 'n noordelike rigting en aangestap.

Toe ek by die Krugerstraat kom het ek hom nie gesien. Ek het in 'n noordelike rigting gedraf en Lammie by 'n deurloop sien staan met die geweer in sy skouer. Ek het op geen stadium skote gehoor nie. Ek wou nog vir hom skree, maar voordat

ek dit kon doen het Lammie terugbeweeg in Krugerstraat. Naby die huis het ek hom ingehaal waarop ek hom gesê het dat ek die moeilikheid op my sal neem. Hy wou dit nie gehad het nie en ek het die geweer en sy baadjie by hom geneem. Ek het vir Lammie my trui gegee waarop ek sy baadjie aangetrek het. Daarna het die Spoorwegpolisie my gekry en ek probeer wegharloop het. Ek het die misdaad ontken omdat ek tyd wou wen sodat Lammie by die huis kon kom.

Ek het dit gedoen omdat Lammie huisvesting vir my ma, Jackie en haar kinders gegee het. Nadat ek gehoor het dat hy hulle die huis belet, het, het ek besluit om die waarheid te praat."

Sy verweer, soos in die Hof aangevoer, het wesentlik ooreengekom met sy tweede verduideliking in die verklaring.

Die Verhoorhof het hierdie verweer verwerp, hoofsaaklik op die volgende gronde. Die twee nagwagte, wat as betroubare getuies beskou is, het met beslistheid die appellant uitgeken in omstandighede wat enige redelike moontlikheid van foutiewe uitkenning uitsluit. Die sakesentrum in die omgewing van die voorval was goed belig. Kgatla het appellant op 'n geskatte afstand van ongeveer twintig treë waargeneem. Ramatshela bevestig

dat die omgewing goed belig was en dat hy "baie goed" kon sien. Weliswaar het altwee die ooggetuies gesê dat die persoon 'n kort kakiebroek aangehad het terwyl appellant die aand 'n blou kortbroek gedra het. Hierdie foutiewe waarneming is deur die Hof in aanmerking geneem. Die Hof het nietemin bevind - myns insiens heeltemal tereg - dat die uitkenning, in ag nemende al die getuienis wat daarop betrekking het, betroubaar is.Heel duidelik was òf appellant òf Van Sittert vir die aanval verantwoordelik. Volgens die ooggetuies se beskrywing van die persoon se liggaamsbou kon dit slegs appellant gewees het. Die verduideliking van die appellant dat hy aanspreeklikheid vir Van Sittert se kriminele optrede aanvaar het, is deur die Hof as vals verwerp. Dat hy so sou optree omdat Van Sittert vir sy moeder en suster versorg het, is vanselfsprekend so vergesog en onaanvaarbaar dat dit geen verdere kommentaar verdien nie. In die omstandighede moet afgelei word dat hy die geweer versteek het omdat hy die persoon was wat dit gebruik het. Mej Pretorius, die suster van appellant,

het namens hom getuig en beweer dat toe die polisie die aand by hul huis aangekom het, sy na Van Sittert se kamer gegaan het om hom te roep. Volgens haar het hy op die bed gelê onder die komberse maar nie geslaap nie. Sy kon ook sien dat hy nie pas wakker geword het nie. Toe hy die komberse van hom afgooi, het sy opgemerk dat hy ten volle gekleed was en selfs sandale aangehad het. Mnr Moyses het op hierdie getuienis gesteun vir sy betoog dat Van Sittert moontlik saam met appellant by die sakesentrum was en vir die skote verantwoordelik is. Maar hierdie getuienis van mej Pretorius word deur beide konst Maritz en sers Botha weerspreek. Volgens hulle was dit duidelik dat Van Sittert as gevolg van hulle aankoms wakker geword het. Toe hulle hom aangetref het, was hy besig om aan te trek.Volgens hulle het hy beslis nie sandale aangehad nie. Maar selfs indien mej Pretorius se weergawe aanvaar word, bewys dit slegs dat Van Sittert moontlik, of waarskynlik, nie in die huis agtergebly het nie. Dit doen geensins afbreuk aan die getuienis van die ooggetuies nie. Volgens hulle was 'n tweede persoon nooit op die

toneel nie. Mnr Moyses het ook verwys na getuienis dat die oorledene op sterwe sou gesê het "Hulle het my geskiet." Maar hierdie uitlating kan onder die omstandighede nouliks as positiewe bewys van twee persone se betrokkenheid dien.

Ek is dus van mening dat die Hof *a quo* om grondige redes appellant se verweer verwerp het en hom tereg op al vier aanklagte skuldig bevind het.

Die vraag of versagting bewys is, moet voorts ondersoek word. Die bevindings van die meerderheid en minderheid van die Hof in dié verband word soos volg deur die geleerde Regter opgesom:

> "My een Assessor vind versagting in die volgende: sy relatiewe jeugdigheid, saam met die drank wat ingeneem is, en dié volgens hom afwesigheid van direkte opset. Verder in hierdie verband sê hy moet 'n mens in gedagte hou dat beskuldigde 'n swak opvoeding gehad het en in die Weermag opgelei

is om geweld toe te pas. Verder sê hy moet die rasse-konflik situasie in die land nie buite rekening gelaat word.

Al hierdie in ag genome vind die Geleerde Assessor dat die beskuldigde se optrede minder laakbaar is.

Ek en my ander Assessor stem nie saam nie. Daar is geen getuienis dat hy wesenlik beïnvloed is deur die inname van drank nie; hy was wel aangetas. Maritz sê hy kon sien dat hy gedrink was, maar hy was nie dronk nie. Botha sê hy het normaal gehardloop, vinnig ook, en was nugter. Alhoewel later het hy gesê hy kon nie eintlik sien of hy dronk of nugter was nie. Die polisie het gesê hy het heeltemal duidelik gepraat. Ons kan niks vind in sy optrede wat die bevinding regverdig dat drank hier allenig of met ander aspekte sy laakbaarheid verminder nie. Hy was ten tye van die gebeure net net een-en-twintig. Ons vind dat hy nie 'n jeug is nie en dat sy ouderdom alleenlik of met ander feite nie 'n rol gespeel het in hierdie affêre.

Daar is geen getuienis dat sy opvoeding swak was, alhoewel 'n mens hierdie afleiding kan maak. In elk geval dit is ook nie iets wat sy handeling minder laakbaar maak nie.

Ons vind dat daar nie sprake is van 'n wilde skietery nie. Soos ek reeds gesê het het my een Assessor melding gemaak van die feit dat daar nie direkte opset was nie. Die beskuldigde, vind ons, het doelbewus uitgegaan in die middel van die nag, 'n koue winternag, met 'n geweer met 'n klankdemper en 'n teleskoop, en die enigste afleiding is dat hy bedoel het om 'n Swartman of mense dood te skiet. Die feit dat hy onder die hart geskiet het en nie in die hart nie is nie die minste 'n

aanduiding van wilde skietery. Met ander woorde, die meerderheid bevinding is dat al die feite saamgeneem nie versagtende omstandighede uitmaak nie."

Dit is geykte reg dat drankinname deur 'n beskuldigde versagting daar kan stel. In S v Saaiman 1967(4) S.A. 440(A) op 443E het Botha AR die volgende stelling in die uitspraak van die Hof *a quo* (per Beyers RP) met goedkeuring aangehaal:

"Alleen wat 'n versagting kan wees, is as 'n mens kan sê dat die resultaat van die drank wat 'n persoon gedrink het sodanig is dat dit sy gewone moraliteitsgevoel verstomp het; dat dit die dissipline wat hy oor homself het verbreek het; dat dit vir hom moeiliker gemaak het om die drifte van 'n ondier wat daar dan in hom moet wees te beheer; en dat 'n mens dan, omdat jy voel dat hy minder bevoeg was om homself te beheer as hy sou gewees het as hy nie die drank gehad het nie, moreel sy handeling minder erg moet skat as wat jy dit sou gedoen het as hy nugter was."

Die vraag is dus of drank in die huidige saak appellant se geestesgesteldheid in so 'n mate aangetas het dat sy inhibisies en selfbeheer daardeur verstomp of verminder was.

Soos reeds aangedui, was die appellant nie 'n betroubare getuie nie en die getuienis van sy suster is nie in alle opsigte bevredigend nie. Tog kan hulle relaas van die gebeurtenisse voordat appellant die huis daardie aand verlaat het geredelik aanvaar word. Hulle getuienis in dié verband is ooreenstemmend en was nie deur kruisverhoor, of enigsins, aangeval of in twyfel getrek nie. Kortliks kom dit hierop neer. By die huis die aand het appellant en Van Sittert 'n bottel Klipdrift brandewyn uitgedrink. Hulle is toe per motor na 'n smokkelkroeg waar hulle nog 'n bottel brandewyn en "Long Tom" kanne bier gekoop het. Op pad huis toe, en nadat appellant een van die biere gedrink het, het die motor gaan staan. Die vroumense is met 'n ander motor huis toe geneem terwyl appellant en Van Sittert na 'n garage gegaan het. Daarvandaan het hulle huis toe geloop. Appellant skat dat hulle omtrent half-twaalf by die huis aangekom het. Op pad soontoe het hulle aan die tweede bottel brandewyn begin drink. Met hul aankoms daar het hulle verder gedrink totdat slegs omtrent 'n kwart van die brandewyn

in die tweede bottel oorgebly het. Daar is geen aanduiding dat appellant en Van Sittert nie ewe veel brandewyn gedrink het nie. Nadat hulle na die huis teruggekeer het, en terwyl hulle nog gedrink het, het hulle vier skote met die geweer deur die plafon van die kamer afgevuur. Soos mej Pretorius in haar getuienis dit gestel het: "Nadat mnr van Sittert drie keer in die dak afgevuur het, het hy vir my broer 'n kans gegee om ook in die dak een keer af te skiet." Volgens die getuienis moes hierdie skietery na skatting tussen 11 nm en 1 vm plaasgevind het. Die getuienis dui dus aan dat appellant die aand altesaam bykans 'n bottel brandewyn gedrink het en minstens een kan bier. Hoewel enige tydsberekening slegs op skattings gegrond kan word, blyk dit dat hy 'n aansienlike hoeveelheid brandewyn uit die tweede bottel gedrink het, op die uiterste slegs twee uur voordat hy die oorledene geskiet het.

Toe die twee polisiemanne op appellant afgekom het

was hy, volgens sers Botha, nugter. Konst Maritz sê egter dat hy gedrink maar nie dronk was nie. Mej Pretorius is nie oor appellant se toestand uitgevra nie. Met verwysing na Van Sittert het sy gesê: "Hy was wel baie gedrink." Alles dui daarop dat hy 'n geharde drinker was. Dit is derhalwe onwaarskynlik dat die drank vir appellant, wat destyds een-en-twintig jaar oud was, minder sou aangetas het. Volledigheidshalwe verwys ek ook na appellant se getuienis in dié verband. Volgens hom was hy "nogal heelwat aangeklam gewees." Ex hypothesi kan min waarde aan hierdie vae stelling geheg word.

Wat appellant se optrede betref, is dit wel so dat hy oor die nodige behendigheid beskik het om die geweer twee keer te laai; om een van sy menslike teikens raak te skiet; om die aankoms van die voertuig van Maritz en Botha waar te neem; en om daarop te reageer deur vinnig weg te hardloop. Hierteenoor moet die volgende feite egter in ag geneem word.

Terwyl hulle in die huis gedrink het, het hulle - skynbaar uitsluitlik om aan hul uitbundigheid uiting te gee - die vier gemelde skote deur die plafon van die kamer geskiet. Appellant het op 'n koue wintersnag kaalvoet die huis verlaat om na die sakesentrum toe te gaan. Daar wou hy twee persone wat hy glad nie geken het nie om die lewe bring. Toe hy na sy huis teruggebring is, het hy huilend agter 'n rusbank van die polisie probeer wegskuil hoewel dit juis hulle was wat hom na die huis geneem het. Die enigste redelike verduideliking is dat oormatige drankgebruik tot hierdie irrasionele gedrag gelei het. Die geheelbeeld is een van iemand wat deur drank in so 'n mate aangetas was dat, om die woorde van Beyers RP weer aan te haal, "dit sy gewone moraliteitsgevoel verstomp het; dat dit die dissipline wat hy oor homself het verbreek het;" en "dit vir hom moeiliker gemaak het om die drifte van die ondier wat daar dan in hom moet wees te beheer." Hierdie gevolgtrekking doen nie afbreuk aan die erns van die misdaad nie, maar is wel 'n oorweging wat die Verhoorhof as versagtend

moes aanvaar het. Die meerderheidsbeslissing moet bygevolg omvergewerp word en die vonnis op die moordaanklag vervang word. By die bepaling van 'n gepaste straf moet die erns van die misdaad en die feit dat die appellant, 'n eerste oortreder, 'n jong man is, veral in ag geneem word.

Die appèl slaag gedeeltelik. Die skuldigbevindings op al vier aanklagte word bevestig. Die vonnis op die eerste aanklag word deur een van twaalf jaar gevangenisstraf vervang. Die vonnisse op die verdere aanklagte word bekragtig met die voorbehoud dat hulle met die tydperk van gevangenis op die eerste aanklag moet saamloop.

M E KUMLEBEN

APPèLREGTER

RABIE WHR)
- stem saam
BOTHA AR)